

24 Oktober

Hebreërs 5:11-14

Kind van God, maar diensbaar aan God?

Hierdie Skrifdeel bevat 'n waarskuwing dat dit in die kerk van onse Here Jesus dikwels droewig daaraan toegaan. Die skrywer aan die Hebreërs sê dat dit ongelukkig hier ook die geval is: Die mense aan wie hy skrywe, het geruime tyd terug die Evangelie en sy waarhede gehoor. En tog het daar by hulle 'n afvalligheid ingetree: In so 'n mate dat in plaas daarvan dat hulle ander mense kan leer van die Evangelie, het hulleself agteruitgegaan, sodat dit nodig geword het dat hulle self weer van voor af geleer moet word. Hulle dra nog status dat hulle God se kinders in Jesus Christus is, maar hulle is nie diensbaar aan God nie. Maar hulle is soos verslane suurdeeg, soos sout wat laf geword het, soos 'n lig wat kwalik self nog skyn. Die harde werklikheid is dat dit dikwels vandag nog in die kerk van die Here so is. Kom ons pas die boodskap op onself toe: Hoe dikwels is dit nie waar dat ons onself aansien vir kinders van God, maar ons is in die diens van God nie werklik bruikbaar nie. Ons is onkundig oor God se Woord, ons is soos verlamdes en kreupeles as ons aktief bedrywig moet wees in die uitdra en proklameer van God se Koninkryk. Dit hoort nie so nie - maar dit is die waarheid - kinders van God, maar nie werklik diensbaar nie. Mag die Here deur sy Gees sy kerk tog omvorm en diensbaar maak.

Sing: Psalm 89:6

Ds. J.L. du Plooy (Potchefstroom-Noord)